# Psalm 23

**Die HERE is my Herder ... Daarom sal niks my ontbreek nie.**

**Oktober 2016 – Oom Leendert Van Oostrum se begrafnis**

**Ps vooraf:** Ps 42: 1, 3, 5

## Ontmoetingsdiens.

**"HERE ons hulp is van U wat hemel en aarde gemaak het." Amen**

***Lofprysing*** – Ps 84: 1, 6

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

**Psalm na gebed:** Ps 23: 1, 2, 3

## Woorddiens.

Die Woord van die HERE spreek tot ons uit Ps 23.

***Skrifverklaring***
**Inleiding.**
Geliefdes ... as daar nou een ding is

wat ons almal moet aangryp ... veral op 'n dag soos vandag ...

dan is dit ... dat ons ... in ons self so heeltemal verlore is ...

So ... sonder God  en sonder hoop in hierdie wêreld.

Ja, *"Ons almal het gedwaal soos skape,*

*ons het elkeen sy eie pad geloop ..."*[1]

Daarom is dit so wonderlik ...

as ons met Ps 119 byvoorbeeld kan bid:

*"HEER, ek is 'n skaap verlore,*

[1] Jes 53:6

*in die wildernis verdwaal.*
*U, my HEER en Herder, bid ek*
*dat U my tog wil kom haal ...”*[2]

Ja, dit is die wonder van die evangelie ...
ook op ‘n dag soos vandag ...
dat die HERE ‘n Herder is ... vir elkeen wat glo.

Dit ... is die troos ... waarna ons vandag moet luister.
Dit is ook die troos ... wat in ons harte moet wees.
Dis die troos waarmee ons van hier af moet aangaan.
Van hierdie dag af ...
waarop ons Oom Leendert begrawe het.

*Toepassing*[3]
En dis so belangrik.
Kinders van God ... dissipels van Jesus ...
moenie by Oom Leendert ... en sy dood ... en sy begrafnis
bly vashaak nie.

Nee ... ons moet aangaan.

Hoe?

Wel ... met ons oë gelowig gerig op ons Herder.
Agter Hom aan moet ons aangaan.
Na sy stem moet ons luister.
Vol van die ware troos wat Hy alleen kan gee
moet ons van hier af op staan en Hom volg.

---

[2] Ps 119:63 berym
[3] Joh 10:27

Daarom gaan ons nou deur ***Ps 23*** gaan ... en meer leer van:

| |
|---|
| **Die Troos ... dat as die HERE ons Herder is ...**<br>**niks ons sal ontbreek nie** |

En dan gaan ons stil staan ...

- *Eers:* by die troos ... dat die HERE die enigste ware Herder is.
- En *dan daarna:* wat dit beteken ... as niks ons sal ontbreek nie.

*********************

**1.** So ... kom ons begin by die wonderlike werklikheid
dat **die HERE die enigste ware Herder is**.
Nou ... Dawid het dit gesê.
Kyk ... dit staan daar in ***Ps 23:1***
***Die HERE is my Herder.***

En nou sê Dawid dit nie maar sommer net nie.
Nee, Dawid weet ...
wat dit beteken om 'n herder te wees.

*Bewys*
Dis hy wat 'n skaap uit die bek
van die leeu ... en die beer ... geruk het.
En as hulle vir Dawid aanval ...
dan gryp hy hierdie diere aan hulle baarde
en verslaan hulle ... en maak hulle dood.

Ons lees daarvan in 1Sam 17:34-35.

*******************

So ... Dawid het geweet ...
wat dit beteken ... om 'n herder te wees.

***Maar*** ... Dawid het ook geweet ...
wat dit beteken ... om 'n skaap te wees.

*Bewys*

Jy is kwesbaar ... so weerloos ... so uitgelewer.
Soos in daardie jare ...
wat hy vir sy lewe moes vlug vir Saul.

Jy kan so maklike die pad byster raak ... en wegdwaal ...
soos daardie keer ... toe hy owerspel gepleeg het met Batseba.

So ... Dawid ... weet wat dit beteken ...

- om herder te wees ...
- maar ook wat dit beteken ... om skaap te wees.

En dan wring die Heilige Gees ... hierdie belydenis
van ***vers 1*** ... uit hom uit: *"Die HERE is my Herder."*

*******************

Die HERE ... Jahwe ... Hy is ***die*** Herder ...

*Verduidelik*

Dis Hy wat eenmaal ...
toe Israel in die slawebande van Egipte ...
vas geknel gesit het
aan Moses verskyn het ... in die brandende doringbos ...
wat nie uitgebrand het nie.

*Opmerking*

Eks 3 vertel daarvan.

Dis die HERE wat toe ... in Eks 3:14 ... gesê het:

*"Ek is wat Ek is."*

want dis ... wat Jahwe ... of HERE ...

wat ons met 4 hoofletters skryf ... beteken.

*"Ek is wat Ek is."*

Ek is die almagtige ... soewereine ... onveranderlike ...

totaal volmaak ... betroubare God.[4]

En Hy, geliefdes ... hierdie almagtige ... soewereine ...

onveranderlike ... totaal volmaak ... betroubare God ...

Hy is ***die*** Herder.

En sy volk ... is die skape vir wie hy weiding gee.[5]

*Toepassing*

En die HERE ... Hy wat die Herder is ...

- gee om vir sy skape.
- Hy het sy skape lief.
- Hy versorg hulle.
- Hy regeer oor hulle.
- Hy hou hulle op die regte pad.
- Hy troos hulle ... Ook op 'n dag soos vandag.
- En seker die belangrikste van alles: ... Hy verlos sy skape.[6]

*******************

Hy verlos hulle ...

*Egipte as voorbeeld*

Daarom dat die HERE daardie dag ... in Eks 3:7-8

---

4 Vgl Vos, Biblical theology, bl 118-119; Waltke, An OT theology, 366.

5 Ps 95:7

6 NH Ridderbos, korte verk op die Ps bl 247; NIDOTTE, vol 3 bl 1141.

uit die brandende doringbos vir Moses gesê het:
*"Ek het duidelik gesien*
*die ellende van my volk wat in Egipte is ...*
*Daarom het Ek neergedaal*
*om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos ..."*

Ja, soos die goeie Herder ...
het die HERE sy volk uit die slawebande ... van Egipte verlos.
En soos 'n Herder ... het die HERE sy volk
deur die woestyn na Kanaän gelei.[7]

******************

*Ballingskap as voorbeeld*[8]
En as Israel dan jare later in Babilon in ballingskap sit ...
omdat hulle soos skape gedwaal het ...
en in sonde geval het ...
dan profeteer die HERE deur Jesaja ... in Jes 40:11
oor hoe Hy sy volk uit ballingskap sal laat terug kom.
*"Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder;*
*Hy sal die lammers in sy arm vergader*
*en aan sy bors dra;*
*die lammerooie sal Hy saggies lei."*

*Toepassing*
Sien u die HERE ... geliefdes? ...
Sien u vanmiddag Dawid se Herder?
Sien u elke ware gelowige se Herder?

*****************

Hy verlos uit Egipte.
Hy verlos uit die Babiloniese ballingskap.

---

7 Ps 78:52-55.
8 Jes 40:11; NIDOTTE, vol 3 bl 1141; vgl ook Jes 49:9-13; Jer 25:3; 31:8-14.

*Christus*

En dit was in daardie tyd ... die tyd van die ballingskap ...
dat die HERE deur die profeet Esegiël geprofeteer het.

Toe het die HERE geprofeteer van ***die*** Herder.
Die Herder wat sal kom ...
En nie net uit die slawe bande van Egipte verlos
en uit die ballingskap verlos nie ...

Nee, toe het die HERE geprofeteer ... oor die Herder
wat sy volk uit die slawebande van die sonde
en die duiwel ... en die hel verlos.

Dis toe dat die HERE ... in Eseg 34:23 ... gesê het:
*"En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek,*
*en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid;*
*hy sal hulle laat wei,*
*en hy sal vir hulle 'n herder wees."*

En in die volheid van die tyd
het daardie Herder gekom ... geliefdes.

Uit die geslag van Dawid ... Die HERE uit die hemel ...
gebore uit die maagd Maria.

Dis Hy wat ... in Joh 10:11 ... gesê het:
*"Ek is die goeie herder.*
*Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."* ...

sodat sy skape verlos kan word uit die hel.[9]

*Toepassing*

Sien u ons Herder ... geliefdes?

Dis die HERE uit die hemel ... uit die geslag van Dawid.

Dis Jesus Christus ... Hy is die goeie Herder.

Die enigste Herder.

- Hy regeer sy skape ...
- Hy hou hulle op die regte pad ...
- Hy sorg vir hulle ...
- Hy het sy skape lief ...
- Hy gee om vir sy skape.

Hy het saam met hulle gehuil ...

oor hulle geliefdes wat dood gegaan het.

Ons lees dit in Joh 11 ...

Maar Hy het hulle ook getroos.

En seker die belangrikste van alles:

Hy het sy lewe afgelê ... om sy skape te verlos.

*Selfondersoek*

So ... nou is daar ‘n belangrike vraag ...

Vir elkeen van ons vandag: ...

Is ons deel van sy skape? ... Is ons? ...

Dis 'n belangrike vraag ... geliefdes.

[9] Joh 3:16

*Verduidelik*

Want nie alle mense is die goeie Herder se skape nie.

Jesus sê dit bv in Joh 10:26 vir die ongelowige[10] Jode.

Jesus sê daar vir hulle:

*"julle glo nie, want julle is nie van my skape nie"*

En u en ek?
Waar staan ons op hierdie dag
van Oom Leendert se begrafnis?

Het ons sekerheid op hierdie dag
dat ons deel is van Jesus ... die goeie Herder ... se skape?

So ... ja ... geliefdes:
Waar staan ons op hierdie dag?
Is ons deel van Jesus se skape.

* * * * *

Weet u: ... In Joh 10:27 sê Jesus vir ons
hoe ons sekerheid kan hê.
Hy sê:
*"My skape luister na my stem,*
*en Ek ken hulle, en hulle volg My."*

En dit moet ons vandag weet:
Elkeen wat na Jesus luister ...
en dan in waaragtigheid in Hom glo ...
Hulle is skape van die Here Jesus.

Dis hoe die skape van ons Goeie Herder maak ...
Hulle glo in Hom alleen ...

[10] Vgl Joh 10:25

Hulle besef hulle sondigheid.

Hulle besef hulle skuld voor die HERE.

Hulle besef hulle het in ongehoorsaamheid weg gedwaal

van die HERE af.

Hulle besef ... dat hulle in hulself net heeltemal verlore is ...

en dan vertrou hulle op Jesus alleen ...

en hulle vra Hom om hulle te verlos.

Hulle vra Hom om hulle te lei ...

in 'n nuwe lewe waarin ons Hom volg.

Hoor u dit? ...

Hoor u hoe kan ons weet ...

of ons een van Jesus se verloste skape is?

Deur die geloof alleen ... kan ons seker weet ...

Want Christus se verloste skape is mense

wat daagliks deur die geloof alleen vasgryp

aan Jesus Christus ons enigste Verlosser.

*******************

En wanneer Christus ons Herder en Verlosser is ...

**2. dan kan niks ons ontbreek nie ... Niks nie.**

En wat dit vir ons beteken ... hoor ons in die res van ***Ps 23***.

*Opmerking*

So ... kom ons gaan nou deur die res van Ps 23.

Ja ... wanneer Christus ons Herder en Verlosser is

sal niks ons ontbreek nie.

Want ...

**A.** Christus lei ons na die nuutgemaakte paradys.

Dit leer ons uit ***vers 2***. Daar waar Dawid sê:

*"Hy laat my neerlê in groen weivelde ..."*

*Verduidelik*[11]

Nou ... 'n weiveld ... is 'n plek
waar skape genoeg het ... om van te eet.
Dis 'n plek van veiligheid en oorvloed.
Dis 'n plek waar skape kan woon.

*Openbaringshistories*

Wat nou belangrik is ...
is dat die HERE die beloofde land Kanaän ...
ook 'n *weiveld* noem ...

*Bewys*[12]

Ons hoor dit bv in Eks 15:13.
Daar sing Israel tot eer van die HERE:
*"U het deur u guns die volk gelei wat U verlos het;*
*U het hulle deur u krag na u heilige **woning** gevoer."*

En dan is daai woning ... die land Kanaan.

Maar dis ook 'n *weiveld*
want die Hebreeuse woord vir *woning*
is presies die selfde woord
as wat hier in ***Ps 23:2*** vir *weiveld* gebruik word.

So ... Kanaän ... Israel se beloofde land

---

[11] J. Ridderbos se Ps komm bl 203; TWOT vol 2 bl 561.

[12] Die woonplek van Eks 15:13 = נוה = weiveld van Ps 23:2 (vgl ook Ps 79:9; Jer 10:25; TWOT vol 2 bl 561-562)

is ook die HERE se weiveld vir sy volk
daar in die OT.

Soos 'n Herder lei die HERE sy volk daarheen.

******************

Maar Kanaan ... is tegelyk ook 'n heenwysing
na die nuwe aarde ... met die herstelde paradys.

*Bewys*
Ons lees bv daarvan in Heb 11:10-16.

Dis daar waar die waters van rus vloei.[13]
Daar waar ons sal sien
soos Johannes daarvan vertel in Openb 22:1
*"'n suiwer rivier van die water van die lewe,*
*helder soos kristal,*
*wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam."*

Dis daar waar die HERE sê ... in Openb 21:6 ...
*"Ek is die Alfa en die Oméga,*
*die begin en die einde.*
*Aan die dorstige sal Ek gee*
*uit die fontein van die water van die lewe, verniet."*

En daarheen lei ons Goeie Herder ons ...
Daar sal Hy ons laat neerlê in groen weivelde.
En daarom sal niks ons ontbreek nie.

*********************

[13] Rus (מְנוּחָה) by ‘waters van rus’ dui ook op die rus in die land Kanaän. Dus: hier kry ons weereens ‘n koppeling na die beloofde land (vgl Ps 95:11; Heb 4:3-4,8; TWOT vol 2 bl 563; NIDOTTE vol 3 bl 57) ... wat heenwys na die nuwe aarde met sy waters van lewe.

**B.** Ja ... die Goeie Herder lei ons ... Christus lei ons ...
En juis daarom ... omdat Hy ons lei ...
sal niks ons ontbreek nie ...
want Hy lei ons ook op die smal pad ...
wat na die lewe lei.[14]

Dit leer ons in ***vers 3*** ... waar Dawid sê:
*"Hy lei my in die spore van geregtigheid ..."*

En dit is die enigste pad ... wat na die paradys lei.
En Christus is die enigste Herder
wat ons op hierdie pad lei.

*Toepassing*[15]
Hy lei elkeen wat in Hom glo ... en Hom aangeneem het ...
sodat ons begin ...

- om te breek met ons sonde ...
- om wat reg is volgens die HERE se Woord te wil doen ...
- om God ... en ons naaste te wil lief hê ...

En by dit: Christus lei hulle daagliks te bekeer
elke keer weer met ons sonde na Hom toe te kom
om by Hom uit genade vergiffenis te kry.

Met ander woord:
Christus lei ons deur sy Gees ... op die pad van heiligmaking.
Dis wat dit beteken as ***vers 3*** sê:
*"Hy lei my in die spore van geregtigheid"*

---

[14] Mat 7:14; vgl Lane se Ps komm bl 116.
[15] NGB art 29 – die kenmerke van die ware lidmate van die kerk – Christus lei ons om dit te vertoon (HK Sondag 32 v/ 86).

****************

**C.** En op hierdie smal pad ... verkwik Christus ons siele –
so sê Dawid vir ons ... Ook in ***vers 3***.

*Verduidelik*[16]
Hy gee ons altyd weer nuwe krag,
om te volhard op die smal pad ...
op die spore van geregtigheid.

*Toepassing*
En ons het dit so nodig ... hê ... geliefdes?
Ook vandag.
Ons herder doen-it vir ons.
Jesus doen-it vir ons.

Daarom ... sal niks ons ontbreek nie.
Want ons Herder lei ons op die smal pad
wat ons verseker uitbring ... by die groen weivelde
van die nuwe paradys.

* * * * *

**D.** En al gaan ons op hierdie pad
deur 'n dal van doodskaduwee.

*Verduidelik*[17]
- wanneer gevaar dreig ...
- wanneer ek dodelik siek is ...
- wanneer die wêreld verlei ...
- wanneer Satan sy brandpyle op ons afvuur
- Wanneer ek net nie meer weet met my hartseer

[16] Vgl Bybel met verklarende aantekeninge by Ps 23:3.
[17] Vgl NIDOTTE vol 3 bl 809; Calvyn se Ps komm bl 394

en modeloosheid nie.

dan hoef ons geen onheil te vrees nie ...
want ons Goeie Herder is by ons.

Dit leer ons uit ***vers 4*** *...* waar Dawid sê:
*"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,*
*ek sal geen onheil vrees nie;*
***want U is met my****"*

*Verduidelik*
En hoekom?
*Wel ...* omdat Christus ... as die Goeie Herder ...
aan die kruis op Golgota ...
dwars deur die dal ***van die hel*** se doodskaduwee gegaan het.
Stok siel alleen.
Want daar binne in het Hy geskreeu:
'My God waarom het u My verlaat?'
Mat 27:46 vertel daarvan.

Dit was toe dat Christus in die hel van God-verlatenheid
die sondes van elkeen wat in Hom glo weggevat het
sodat ons nooit deur God in die hel verlaat sal wees nie.

Maar Hom en sy Seun deur die werking van die Gees
as goeie Herder kan hê ... wat altyd by ons is ...
en nooit van ons weg gaan nie.

Ja ... dis wat ons moet leer as ***Ps 23:4*** sê:
*"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,*
*ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my"*

*********************

**E.** En daar binne in ... in die dal van doodskaduwee ...
vertroos die HERE se stok ... en sy staf ons.
So hoor ons ook in ***vers 4***.

*Verduideliking*

Hoekom?

Hoekom vertroos ons Herder se stok en staf ons.

Wel ... omdat die stok en die staf die wapens is
waarmee die die Herder sy skape beskerm en bewaar
teen aanvalle.

*Toepassing*

So ... sien wie ons Herder is?

Dis Christus ... by ons ... altyd.

En Hy bewaar ons teen ons vyande.

En Hy oorwin hulle.

Die duiwel ... die sonde ... die dood.

Ja, ook die dood.[18]

Christus oorwin dit.

*Bevinding*

Ons moet dit onthou ... geliefdes ... Ook vandag.

Ons Herder is by ons ... in die dal van doodskaduwee.

En Hy is die Oorwinnaar.

Niks kan ons uit sy hand ruk nie ...

---

[18] Vgl Heb 2:14; 1Kor 15:26; NTES 611, bl 281.

As ons aan Hom behoort deur die geloof ...
sal ons doodskaduwee ... nooit ooit die hel wees nie.
En hierdie werklikheid moet troos![19]

**********************

**F.** Ja ... Christus lei ons op die smal-pad na die paradys.
Hy is by ons selfs in die dal van doodskaduwee ...
Niks kan ons van sy liefde skei nie.[20]

Nie *"verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard"* nie.[21]

Selfs al roep ons dit saam met die kinders van Korag in Ps 44 uit:
*"Om U ontwil word ons die hele dag gedood,
ons is gereken as slagskape."*[22]

dan nog kan ons weet ... soos Paulus in Rom 8:37 sê:
*"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars
deur Hom wat ons liefgehad het."*[23]

En ons kan dit weet ... verseker weet ...
want die HERE berei vir ons 'n oorwinningsmaal voor.
Dawid sê dit in ***vers 5***:
*"U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders ..."*

**Slot.**

Geliefdes, die HERE ... uit die hemele ...
is die Herder van elkeen wat in Hom alleen glo ...

---

[19] Vgl Mat 28:18; Joh 10:28.
[20] Rom 8:35.
[21] Rom 8:35
[22] Ps 44:23; Rom 8:36
[23] Rom 8:37

Daarom sal niks ons ontbreek nie.

- Hy lei ons in die spore van geregtigheid.
- Hy gee aan ons nuwe krag.
- Hy bewaar ons in die dal van doodskaduwee.
- Hy gee ons die oorwinning.
- Hy bring ons in die nuwe paradys ...

by die stroom van lewendewater.

Ja, niks sal ons ontbreek nie ...

*"Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;*

*en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae."*

Sê ***Ps 23:6***

Want die HERE is ons Herder ...

Onthou dit ... geliefdes ...

ook op hierdie dag van Oom Leendert se begrafnis.

**Amen.**

## Antwoorddiens

***Gebed***

**Ten slotte sing ons** Ps 46: 1, 6

## Wegstuurseën.

Kom ons bid saam om die seën van die Here:

**Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God, en die gemeenskap met die Heilige Gees, met ons almal wees.**